

Gereformeerde Kerk Bellville – 2 September 2018 – Oggend

Sing vooraf staande: Psalm 145:4, 5 (p. 696)

- 4 Die skitterglans wat uit u majesteit / u wonderwerk bestraal met heerlijkheid,
gedugte krag wat ons van angs laat vrees, / u grootheid, HEER – dit sal my lofsang wees.
- 5 Hul sal, o HEER, u goedheid bly herdink / en vir u heil die jubels op laat klink:
genadig, goed, lankmoedig soos weleer, / barmhartig en 'n redder is die HEER.

Ek slaan my oë op na die berge: waar sal my hulp vandaan kom? My hulp is van die HERE
wat hemel en aarde gemaak het.

Genade en vrede vir julle van Hom wat is en wat was en wat kom, en van die sewe
Geeste voor sy troon, en van Jesus Christus, die geloofwaardige getuie, die eerste wat uit
die dood opgestaan het, die heerser oor die konings van die aarde.

Amen.

Loflied: Psalm 18:1, 12 (p. 71)

- 1 Ek het U hart'lik lief, o HEER! / U is my sterkte^{en} teëweer.
Die HEER's my rots, my vesting sterk, / my redder wat my heil bewerk,
my rots wanneer die stormwind huil, / my skild, die weerkrag van my heil,
my vesting op die bergkrans steil, / by wie ek vas en veilig skuil.
- 12 Barmhartig, vol van derenis, is U vir wie barmhartig is;
en wie opreg is, U sal hom / ook met opregtheid teëkom.
By hul wat reinheid rein bemin, / hou U, die Heil'ge, U ook rein;
maar vir wie leef in valse skyn, / is U ook self verkeerd van sin.

Geloofsbelydenis: Apostolicum

Wet

Psalm 86:3, 8 (p. 432)

- 3 HEER, u goedheid is die lewe; / U sal mild ons skuld vergewe;
wie U aanroep in die nood, / vind u guns oneindig groot.
HEER, my God, ontferm U oor my, / luister as ek roep, verhoor my!
Merk uit goedheid, as ek spreek, / op die stem waarmee ek smeek.
- 8 Maar barmhartig en lankmoedig, / groot van goedheid en oorvloedig
in genade,^{en} altoos trou / is die HEER wat my behou.
Wend U tot my in ontferming, / red my, toon my u beskerming!
Hoor my, HEER, 'n seun is dit / van u diensmaagd wat hier bid.

Gebed

Skrifberyming 11-3:1, 4, 5 (Sb 16)

- 1 Salig die wat arm van gees is / en van God hul wysheid leer,
want die koninkryk der heemle / is hul erfdeel, sê die Heer.
- 4 Salig die wat, dors en honger, / smag na die geregtigheid,
want vir hul is daar versading, / laafnis ná die dag van stryd.
- 5 Salig die wat nou, barmhartig, / hul ontferm oor die wat ly,
want hul sal, as God gaan oordeel, / sélf barmhartigheid verkry.

Skriflesing: Matteus 6:1-4; 25:31-40

Kernverse: Matteus 6:2-4

Wanneer jy dan liefdadigheid bewys, moenie 'n trompet voor jou blaas soos die geveinsdes in die sinagoges en op die strate doen, dat hulle deur die mense geëer kan word nie. Voorwaar Ek sê vir julle, hulle het hul loon weg. Maar jy, as jy liefdadigheid bewys, laat jou linkerhand nie weet wat jou regterhand doen nie, sodat jou liefdadigheid in die verborgene kan wees; en jou Vader wat in die verborgene sien, Hy sal jou in die openbaar vergelde. (Matteus 6:2-4 AFR53)

Tema: Christelike barmhartigheid soek alleen die eer van God

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, in die bergrede maak Jesus aan ons bekend hoe anders die ware gelowige is en leef teenoor die wêreld wat Hom nie ken nie. As Leermeester maak Hy ook bekend hoe anders sy dissipels is en leef teenoor wat die skrifgeleerdes en Fariseërs die volk wysgemaak het. Jesus het hierdie onderrig begin met die saligsprekings (Matt 5:3-12) waarin Hy die wesentlike elemente van 'n dissipels se karakter uitgelig het.

Hierna het Jesus voortgegaan en gesê watter invloed die ware gelowige in die wêreld het (Matt 5:13-16). 'n Dissipel van Jesus met hierdie besondere karaktertrekke gee smaak aan die lewe. 'n Ware gelowige is sout van die aarde wat met sy invloed keer dat die gemeenskap waarin hy beweeg, versleg en agteruitgaan as gevolg van die sonde. Omdat ware gelowiges ook die lig van die wêreld is, beïnvloed hulle ook die gemeenskap deur die lewenskoers aan te dui – 'n lewe in navolging van Jesus Christus.

Daarop het Jesus duidelik gemaak waarvoor Hy na hierdie wêreld gekom het. Hy het gekom om die wet en die profete te vervul soos wat sy Vader dit verwag en nie soos wat die Fariseërs en skrifgeleerdes die mense geleer het nie. Daarom roep Jesus sy volgelinge, vir jou en vir my, op om meer getrou te wees aan die wet van die Here as wat die Fariseërs daaraan getrou is. Dit beteken dat gelowiges se geregtigheid oorfloediger moet wees as dié van die Fariseërs. Dit kom daarop neer dat 'n dissipel van Jesus, nie net uiterlik nie, maar vanuit sy hart uit die Here se wet gehoorsaam.

Om te verstaan wat Hy met hierdie oorfloediger geregtigheid bedoel, wys Jesus ons op die volle reikwydte van die wet van die Here. Ons mag nie die wet verskraal soos wat die Fariseërs gemaak het nie. Ons moenie kyk op watter wyse ons by die Here se bevele kan verbykom sonder om dit, na ons mening, te oortree nie. Ons moet eerder toelaat dat die Heilige Gees die wet van die Here verby ons woorde en dade tot in ons hart, gedagtes en motiewe laat indring. Die Here se Woord en Gees regeer nie net oor die woorde en dade van 'n gelowige nie, maar is ook in beheer van die private en geheime plekke van die gelowige se lewe waar ander mense nie kan sien nie.

Jesus gaan voort om aan ons die oorfloediger geregtigheid wat Hy verwag duidelik te maak. Geregtigheid, soos wat dit hier gebruik word, beteken om aan God en sy wil getrou te wees. 'n Gelowige se getrouheid aan die Here beteken dat hy die wet gehoorsaam. Maar dit is nie al nie. Dit gaan ook oor die praktiese uitleef van sy geloof wanneer die gelowige mense in nood help, wanneer bid en wanneer hy vas. In Matteus 6:1-18 beveel Jesus nie sy dissipels om mense in te nood te help, te bid of te vas nie. 'n Dissipel van die Here doen hierdie dinge. Hierdie onderrig gaan hoofsaaklik oor die motivering waarom hulle dit doen.

Broers, susters en kinders, kom ons luister hoe sê Jesus moet jy mense wat in nood is help. Jesus begin met 'n algemene waarskuwing wat geld wanneer jy mense in nood gaan help of wanneer jy bid of vas – nie net 'n mens se hulp aan ander mense geld nie, maar vir al drie die sake waaroor Hy hier onderrig gaan gee:

Pas op dat julle nie jul *geregtigheid* voor die mense bewys om deur hulle gesien te word nie; anders het julle geen loon by julle Vader wat in die hemele is nie.
(Matteus 6:1 AFR53)

As 'n mens die bergrede van die begin af aandagtig deurlees, sal 'n mens op die oppervlak en na die klank van die woorde 'n oënskynlike teenstrydigheid opmerk. In Matteus 5:16 het Jesus gesê 'n gelowige moet so lewe dat ander mense sy goeie werke kan sien. Maar hier klink dit nou asof Jesus gelowiges verbied om hul goeie werke in die openbaar te doen sodat mense ons dit sien doen. Ons kan seker wees dat Jesus Hom nie sou weerspreek het nie. In werklikheid word hier oor twee verskillende verkeerde gesindhede gepraat.

In Matteus 5:16 het Jesus dit teen ons **lafhartigheid**. In die gemeenskap waar ons woon en werk, mag ons nie huiwerig wees om as dissipels te leef en te praat nie. Wanneer die lewe smaakloos geword het deur onreg wat gepleeg word, moet ons die sout wees en onder leiding van die Heilige Gees met die Woord van God die onreg bestry. Gelowiges moet hulle nie oor hulle geloof in die Here skaam nie. Hulle moet juis soos sout en lig 'n verskil maak in 'n donker en smaaklose wêreld sodat God verheerlik kan word.

Hier in Matteus 6:1 het Jesus dit teen ons **verwaandheid en ydelheid**. In die gemeenskap waar ons woon en werk, moet ons nie goeie werke doen om mense se aandag te trek nie. Gelowiges moenie hulle geloof so uitleef dat ander mense hulle moet bewonder nie. Die gelowige wat goeie werke doen sodat mense hom moet raaksien, kan geen beloning van sy Vader in die hemel verwag of kry nie. 'n Gelowige doen goeie werke om die ander mense se aandag op die Vader in die hemel te vestig. Die gelowige moenie self in die kollig kom nie, maar die goeie werk moet die kollig wees wat op Christus Jesus en God die Vader skyn.

In ons kernverse gaan Jesus voort om duidelik te maak waarom gelowiges nie hul goeie werke moet doen sodat mense hulle moet raaksien nie. Die eerste godsdienstige plig of goeie werk waarop Jesus die waarskuwing van vers 1 toepas, is barmhartigheid teenoor mense. Van die vroegste tye af het God vir Israel geleer om na mense in nood om te sien. Mense wat arm is, mag nie verdruk en verneder word net omdat hulle arm is nie. Intendeel, die Here wil hê dat sy volk na die armes sal omsien, want deur sy volk is God self besig om na die armes om te sien.

Maar om vrygewig teenoor armes te wees, is nie genoeg nie, al is dit reg in die oë van die Here. Regdeur die bergrede is Jesus besorg oor die motivering, oor die verborge gedagtes van die mens. Dit het reeds duidelik geword toe Jesus die sesde en die sewende gebod se reikwydte aan ons geopenbaar het. Vir die Here gaan dit nie net oor die uiteindelijke dade van moord en owerspels nie. In hierdie twee geboie het die Here dit ook oor die woorde, dade en gedagtes wat moord en owerspel voorafgaan.

Daarom, wanneer dit by barmhartigheid kom, gaan dit ook nie net oor wat die hand doen nie. Dit gaan nie net oor die geld of kos wat vir die arme gegee word nie, maar dit gaan ook oor wat die hart voel en dink wanneer die hand die geld en kos gee. By hierdie goeie werk is daar drie moontlikhede. 'n Mens kan barmhartigheid bewys om die eer van mense vir jouself te soek. 'n Mens kan barmhartigheid bewys en anoniem bly terwyl jy jouself

stilletjies gelukwens oor die goeie werk. Of 'n mens kan barmhartigheid bewys met die begeerte om God te verheerlik en te eer.

Voordat Jesus vir ons leer hoe ons barmhartigheid moet bewys, sê Hy eers dat sy dissipels nie barmhartigheid bewys om mense se guns te wen nie. Die Fariseërs het die on-versadigbare honger gehad na die eer van mense. Jesus teken vir ons hierdie prentjie van 'n Fariseër wat sy geld in die offergawekis gaan gooi of 'n geskenk aan 'n arme bring. Voor hom laat hy iemand loop wat die trompet blaas en gou-gou is daar 'n hele skare mense rondom hom. Die goeie werk wat hy gaan doen wanneer hy die geld of geskenk aan die arme gee, mag nie ongesiens verbygaan nie. Die mense moet sien hoe groothartig en vrygewig hy is. Die mense moet hom gelukwens vir sy goeie daad en selfs applous gee vir die barmhartigheid wat hy aan hierdie arme bewys het.

Die mens wat op hierdie wyse die barmhartigheid wat hy bewys bekend maak, word deur Jesus 'n skynheilige genoem. Die woord wat ons met *skynheilige* vertaal het, is vroeër in die ou Griekse taal ook gebruik om van akteurs in toneelstukke te praat. Dit is mos wat 'n skynheilige mens eintlik is. Hy is 'n toneelspeler, want hy gee voor om iets te wees wat hy nie werklik is nie. In hierdie geval gee hy voor om 'n vrygewige mens te wees wat armes graag help. Maar in die tussentyd gebruik hy die goeie daad net om die applous en eer van die mense in die kerk en in die straat te wen.

Dit is nou maklik om grappies van die Fariseërs te maak. Maar waar staan ons wanneer dit by barmhartigheid kom? Ons sal seker nie 'n trompet blaas wanneer ons 'n liefdegawe aan die kerk of 'n verdienstelike organisasie gee nie. Maar dit doen 'n mens se selfbeeld mos goed as jou naam genoem word of geskryf staan as ondersteuner van 'n goeie saak. Enige mens trap maklik in hierdie slaggat om ander mense se aandag te trek wanneer jy goed doen sodat hulle jou dankie kan sê. Party mense gaan selfs sover om die arme wat gehelp word onderdanig aan hulle te maak, want hulle het die arme mos nou gehelp. Dan word daar na die applous gesoek van hulle wat gehelp word. En baie maal gebeur dit dat wanneer die een wat gehelp is nie die eer gee wat verwag is nie, hou so 'n weldoener sommer op om te help.

Dink bietjie oor hoe God sy barmhartigheid aan mense bewys het deur sy Seun in sondaars se plek aan die kruis laat vasspyker het. Hy het dit nie gedoen om mense te verneder en te verslaaf nie, maar juis om hulle van die verslawing aan die sonde te verlos. Daarom is Jesus nie skaam om gelowiges sy broers en susters te noem nie. Hy het barmhartigheid aan gelowiges betoon sodat hulle gewillig en bereid sal wees om ook barmhartig te wees.

Wie barmhartigheid bewys sodat die mense hom applous moet gee en die applous gekry het, het sy beloning klaar weg. Hy het die geld of geskenk gegee en die applous van die mense is soos 'n kwitansie. Alles is nou verby. Hy kan niks meer verwag nie, behalwe die oordeel op die laaste dag.

Jesus keur nie barmhartigheid af nie. Hy keur die verkeerde gesindheid af wanneer ons barmhartigheid betoon. Daarom vervolg Jesus: As jy iemand in nood help, moet jou linkerhand nie eers weet wat jou regterhand doen nie. 'n Dissipel van Jesus moenie net versigtig wees om nie ander mense se aanprysing te soek nie. Hy moet ook daarop bedag wees om homself nie aan te prys nie. Moenie selfbewus word oor die goeie werke wat jy doen nie. Wanneer 'n mens eers selfbewus is oor die goeie werk wat jy doen, is jy geneig om eie-geregtigheid te hê. Dan sê jy baie trots vir jouself: Kyk net hoe het ek daardie arm mens nou weer gehelp en jy gee jouself 'n klop op die skouer. As 'n mens so

barmhartigheid bewys, is die bedoeling nie meer net om mense uit hulle ellende te help ophef nie, maar word dit 'n manier om jou vir jouself groot te maak. Kyk hoe goed is ek.

As Jesus sê jou linkerhand moenie weet wat jou regterhand doen nie, gee Hy die ou mens in die gelowige 'n doodskoot. Ons ou sondige mens het die geaardheid om so op homself konsentreer. Ons wil onself graag aanprys en in ons eie oë as goeie mense voorstel. Nee, iemand wat deur die bloed van Christus nuut gemaak is, hou nie boek van al die barmhartigheid wat hy aan ander mense bewys nie. Mense sukkel baie maal om dinge te onthou. Maar wanneer dit kom by hulp en bystand aan ander mense hoef jy glad nie te onthou wat jy gedoen het nie. So gou as wat 'n mens iemand met geld of kos gehelp het, moet 'n mens daarvan vergeet so asof 'n mens dit nog nooit gedoen het nie. Dan sal 'n mens nie die gevaar loop om jouself oor jou goeie werke geluk te wens nie.

Ons sien die gevolg van hierdie vergeetagtigheid wanneer Jesus ons van die laaste oordeel vertel. Die gelowiges het goeie werke gedoen, onder andere het hulle barmhartigheid aan arm mense bewys. Maar wanneer Christus as Regter vir hulle sê watter barmhartigheid hulle alles betoon het, is hulle verbaas: Maar, Here, wanneer ...? Hulle het barmhartigheid bewys en dadelik nadat hulle dit gedoen, het hulle daarvan vergeet.

Barmhartigheid wat gedoen word, moet dus stil gehou word vir ander mense en vir 'n mens self. Die barmhartigheid moet daarom so groot en so duidelik wees, dat 'n mens vir ander mense en vir jouself daaragter verdwyn sodat God alleen raakgesien word. Die een wat gehelp word, die mense wat sien hoe die arme gehelp word en die een wat help se aandag moet op God gevestig word. Die ware gelowige is daarmee tevrede dat God alleen die goeie werk van barmhartigheid raakgesien het. En jou Vader wat in die verborge sien, sal jou beloon, sê Jesus. Jy sal vreugde en blydschap in jou hart ervaar wat die Heilige Gees in jou werk as jy sien die honger is gestil, die liggaam wat koud gekry het, het nou klere aan, die nood wat geheers het, is nou verlig en die Here word deur die een wat gehelp is, verheerlik en geprys.

Ons goeie werke van barmhartigheid is nie maniere om die eer en lof van mense in te win nie. Ons doen dit ook nie om onself aan te prys nie. Ons doen dit ook nie om God te beïndruk nie. Ons doen dit omdat dit van ons verwag word. Want hoe anders gaan ek die innige verhouding wat God deur sy Seun Jesus Christus met my begin het, sigbaar maak. Ek maak dit sigbaar deur barmhartig te wees teenoor ander mense, want God is barmhartig teenoor my en ek weet watter vreugde en blydschap dit vir my gebring het. Hulle wat in nood is deur armoede wil ek ook in hierdie vreugde en blydschap laat deel, sodat nog meer monde God die Vader en Jesus Christus se lof kan besing.

Amen!

Gebed

Slotpsalm 103:2, 3 (p. 504)

- 2 Loof Hom wat jou, van skuldelaas onthewe, / genadiglik die sondes wil vergewe, jou krankheid ken en liefderyk genees; / wat van die dood jou lewe weer verskoon het, met goedheid en ontferming jou gekroon het, / en in die nood is Hy jou hulp gewees.
- 3 Loof Hom wat met die goeie jou versadig, / jou lewenskrag van nuuts af begenadig, sodat jou jeug is soos die arendsjeug. / Die HEER doen reg – Hy is die hoogste rigter –, vergeld die kwaad en straf die onregstiger, / maar aan verdruktes skenk Hy ruimte^{en} en vreug.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Katkisasieopening

Psalm 100:3 (p. 494)

- 3 Gaan deur sy poorte in met lof, / met lofsang in sy tempelhof;
kom in sy huis, o bondsvolk, saam; / verhef sy lof en prys sy Naam.

**Ds Coenraad Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
2 September 2018**